Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 21 Maart 1951 Prys 3d. No. 16

# JONGSTE GEBEURE HET REPUBLIEK NADER GEBRING

## K.G. Op Majuba

**Nege-uur die aand van die 27ste Februarie het die vlamme, tenspyte van 'n digte mis wat die berg omhul het, hoog opgeskiet op Majoeba se kruin en aan die berghang, op die feesterrein, het 'n hoë houtstapel geantwoord.**

**Generaal Ellis Cadle van Natal het as voorsitter opgetree en ook die Skriflesing en gebed gedoen en die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, het die aanwesiges oor die betekenis van die simboliese vuur—die Republikeinse Vlam wat oor talle van plekke in Suid-Afrika tegelykertyd oplaai — kortliks toegespreek.**

**Vroeër in die middag het hy 'n uiteensetting van die O.B. se bydrae tot die republikeinse stryd geskets en gesê dat die jongste ontwikkelinge die bereiking van die republiek baie bespoed het. Veral die Empire se beleid om baar negers aan die Wes-Afrikaanse kus met parlementêre magte te beklee en die pad na volwaardige lidmaatskap van die Britse Statebond aan hulle oop te gooi kan nie anders as ons stryd bevoordeel nie. Want elke regskape Afrikaner, of hy nou Afrikaans- of Engelssprekend is, moet noodgedwonge insien dat daardie weg na ons ondergang lei. Of sulke vennote moet nie inkom in die Statebond nie, òf die Unie moet uit die Statebond.**

### WANG AAN WANG

Alreeds is ons posisie onnodiglik in die gedrang gekom in die vergaderings van die V.V.O., waar elke kefferstaatjie sy stem oor ons interne sake kan laat hoor en ons wil voorskryf wat ons mag doen of laat; maar die moeilikhede van die Unie in daardie liggaam is gering, vergeleke by die baie meer intieme — bykans familieverhouding — wat tussen die Britse Statebondlande in swang is. Elke naturelle-agitator sal die negerstate in Afrika, wat wang aan wang met die Unie se verteenwoordigers in die Statebond gaan sit, beskou as die mondstuk van die nie-blanke in die „familie."

**Daar bly net twee keuses: hou die familie blank of stig jou eie familie. Selfs sonder negervennote sou die O.B. die eie stigting voorstaan — dit bewys ons hele stryd tydens die oorlog! — maar met negervennote word die wenslikheid van afstigting 'n gebiedende noodsaaklikheid. Kortom — 'n Republiek buite die Statebond. Soos een van die huidige Ministers gesê het (destyds gesê het!) „Ierland toon die weg aan." Ierland en nie Indië nie.**



### MEVROU PIENAAR

Die fees se sukses was byna uitsluitlik te danke aan die onvermoeide ywer van die Natalse O.B.-vrouens en sonder om die een getroue bo die ander te wil noem, was dit die algemene gevoel onder die aanwesiges dat mev. Tos Pienaar van Utrecht, die spil was waarom sake eintlik gedraai het. Tenspyte van haar swakke gesondheid het mev. Pienaar dit reggekry en sy het niemand gespaar nie in die strewe om sake te laat vlot. Niemand — en allermins haarself. Dit is dus verstaanbaar dat die vergadering drie „huldes" op haar uitgebring het.

Sowat £83 is deur die vrouens vir die O.B.-saak geïn.

# WALLIS EIS OOK VRYHEID

**Terwyl die verafgeleë dominiums van Brittanje steeds meer lojaal teenoor die moederland word — soos blyk uit die Kanadese en Suid-Afrikaanse regeringspolitiek — is daar binne Brittanje 'n groter afvalligheid te bespeur by afsonderlike volksgroepe. In Skotland is reeds 'n sterk volksbeweging aan die gang vir selfbestuur en 'n dergelike ontwaking word ook ten opsigte van Wallis berig.**

Vyfhonderd afgevaardigdes van Walliese politieke en godsdienstige liggame het verlede Saterdag in Cardiff hul standpunt vir selfregering gestel. Lady Lloyd George (parlementslid) het die veldtog van stapel gestuur met 'n toespraak waarin na die Goudkus verwys is. Die minister van koloniale sake, James Griffiths, wat self 'n inwoner van Wallis is, verkry meer politieke vryheid vir die negers van die Goudkus as vir sy eie land, het sy gesê.

Sy het gesê dat Wallis reeds in die dertiende eeu begin veg het vir die erkenning as 'n soewereine staat en dat die 2½ miljoen Walliese vandag daardie stryd voortsit. „Ons begeer 'n parlement gekies deur die volk van Wallis," het sy gesê en daaraan toegevoeg: „Indien ons kan loskom van Engeland se voorskootpante sal ons oplewe en selfvertroue wen."

# MINISTER ERKEN SWAKHEID VAN HUIDIGE STELSEL

**Verlede week het die minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, 'n toespraak in die volksraad gehou wat 'n verpletterende erkenning van die omvang van die huidige stelsel is. Mnr. Havenga het verskillende probleme gestel en toe beduie dat hy sowel as die opposisie nie die oplossings daarvan ken nie. Die Ossewabrandwag weet lankal dat die partypolitici slegs met probleme boer — op die partypolitieke akker groei nie oplossings nie. Maar laat ons sien of die Ossewabrandwag tog nie 'n paar van die minister van finansies se probleme kan oplos nie.**

**Ten aansien van die geweldige styging in landsuitgawes het mnr. Havenga gesê:**

„Maar die verandering wat ingetree het, moet in gedagte gehou word, naamlik dié van 'n polisiestaat (waar die staat hoofsaaklik vir die handhawing van reg en orde verantwoordelik was) tot die welsynstaat van vandag, waar allerlei dienste aan die volk gelewer moet word.

„Almal is seker besorg oor die stygende uitgawe. Maar wat dan? Ek sal dankbaar wees vir enige hulp om die rem aan te draai. Maar daardie hulp sal ek sekerlik nie van die Opposisie kry nie."

„Wat dan",? vra die minister. Die Ossewabrandwag antwoord: Die polisiestaat waarvan mnr. Havenga gepraat het, het in die negentiende eeu ontaard tot die kapitalistiese uitbuitingstaat. Die reaksie teen hierdie uitbuiting het geleidelik ingetree en ten einde sy eie bas te red het die kapitalistiese staat homself „hervorm" tot wat mnr. Havenga beskryf as die welsynstaat. Maar die sogenaamde „hervorming" was net skyn. Die kapitalisme woeker nog maar oudergewoonte voort; **die enigste „hervorming" wat plaasgevind het, is dat die staat nou sekere dienste aan die volk moet lewer om hulle tevrede te stel, maar vir hierdie dienste moet die volk ten duurste betaal.**

### OPPOSISIE SE ROL

Boonop, onder die partystelsel van regering en opposisie, het dit die gebruik by die opposisie geword om voortdurend aan te dring op meer en meer dienste vir die volk. Hierdeur word die regering in verleentheid gebring. Weier die regering meer dienste, dan sweep die opposisie die volk teen hom op. Onderneem die regering meer dienste moet hy meer amptenare aanstel om die nuwe dienste te lewer en hy moet meer belastings hef om vir die amptenare en die dienste te betaal. **Dan sweep die opposisie weer die volk teen die regering op omdat hy hulle met hoë belastings kasty.**

### DIE ANTWOORD

Vandaar dat die arme minister van finansies sy kop krap en vra: Wat dan? **Die antwoord is geleë in deurtastende hervorming, weg van sowel kapitalistiese uitbuiting as partypolitieke aalmoes-uitdelery, en in die rigting van die arbeids- of beroepstaat.** Arbeid wat verrig word en beloon word, is die enigste praktiese alternatief vir sowel kapitalistiese uitbuiting as partypolitieke aalmoese. Die staat wat daarin slaag om sy lede sodanig te organiseer dat hulle hulle brood in die sweet van hulle aanskyn verdien — dit is die staat waarin gelukkige en welvarende mense sal lewe.

### STEEDS MEER

Voortgaande verwyt die minister die opposisie dat hy voortdurend moet luister na pleidooie om nuwe dienste en die uitbreiding van bestaandes. Dit is futiel om telkens van groter uitgawe te praat. Die enigste toets is om by die bespreking van die begroting voor te stel dat sekere dienste uitgeskakel of die bedrae daarvoor verminder word.

Spr. wil syfers noem om die geweldige uitbreiding van die uitgawe aan maatskaplike dienste oor die afgelope vyf jaar aan te toon. In die jaar 1945—'46 was die bedrag vir pensioene £9,700,000. In 1950—'51 is dit £14,800,000. Waar die eersgenoemde jaar £13,147,000 tot die provinsiale administrasies bygedra moes word, is dit vanjaar £25,800,000.

Die bedrag vir naturelle-onderwys het in die vyf jaar gestyg van £2,800,000 tot £5,780,000 — en dit onder hierdie regering wat die naturelle wil onderdruk. Die bedrag vir gesondheid en hospitale het gestyg van £2,580,000 tot £7,000,000. Dit is maar 'n paar bedrae wat die neiging aantoon.

### BEROEPSREGERING

Die Ossewabrandwag antwoord: die oplossing wat die minister soek is nie geleë in minder dienste en meer kapitalistiese uitbuiting nie. Dis ook nie geleë in meer dienste en meer sentralisasie en meer burokrasie en meer belastings nie. **Nee, dit is geleë in 'n nuwe begrip: beroepsregering.**

## Oplossing Lê In Algehele Hervorming

**Laat elke arbeidsgemeenskap van die volk sy eie huis in orde bring. Gee hulle die mag en die plig om te werk vir die volk en om vir hul eie lede te sorg.**

Ten aansien van die provinsiale stelsel het mnr. Havenga gesê:

Daar is verwys na die provinsies. Die sentrale bestuur moet vyftig persent van die provinsies se uitgawe vind. Hierdie toestand moet noodwendig daarop uitloop dat die provinsies verpligtinge sal aangaan wat hulle nie sou aangegaan het as hulle nie wis dat iemand anders minstens helfte van die geld moet vind nie.

### RUK HANDUIT

Wat kan gedoen word? **Die provinsiale stelsel afskaf? Ek sal daarvoor stem.** Maar daar moet met die feit rekening gehou word dat die nodige steun vir hierdie verandering nie gevind sal kan word nie.

**Die toestand is intussen vinnig besig om handuit te ruk.** Die provinsies is bv. besig om die staat se eie amptenare met hoër salarisse weg te rokkel. Dit het 'n onhoudbare toestand geword. Ek hoop die toestand sal op die volgende vergadering van die Provinsiale Raadplegende Komitee onder die aandag gebring kan word.

### EENHEIDSTAAT

**Die Ossewabrandwag antwoord: Nie alleen moet die provinsiale stelsel afgeskaf word nie, maar bowendien moet die hele stelsel van sentrale (of parlementêre) en plaaslike (of afdelingsraad en munisipale) bestuur hervorm word.** Oor-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**eenkomstig huidige reëlings is die verskillende bestuurlike instellings in ons land 'n onsamehangende veelheid.** Dit lei vanselfsprekend tot botsings, duplikasie, verydeling en magteloosheid, en boonop tot onnodige uitgawes. **Dit lê voor die hand dat 'n samehangende eenheid van bestuursinstellings verkry moet word — die eenheidstaat wat die O.B. bepleit.**

Die minister van finansies het die probleme gestel. Die Ossewabrandwag het die oplossings aangebied. Saam met die digter kan die O.B. ook sê:

**Daar's 'n stryd te stry**
**Daar's 'n nasie te lei**
**Daar's werk.**

## Die Angel Sit In Die Mosie

**„Die Nasionale Party besef dat die regeringstelsel wat die beste by die aard van die Afrikaner pas, nie die koningstelsel is nie, maar die republikeinse stelsel. Daarom is 'n republiek nog altyd ons einddoel." Aldus mnr. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, tydens 'n vergadering op Malmesbury.**

**'n Mosie van „volle vertroue dat ons 'n republiek sal kry onder dr. D. F. Malan, hoofleier van die Nasionale Party", wat deur sen. H. van Aarde voorgestel is, is eenparig aangeneem.**

DIE O.B., WOENSDAG, 21 MAART 1951

# DIE ROL VAN DIE OSSEWABRANDWAG

Watter rol moet die Ossewabrandwag in die komende jare vervul? Hierdie vraag verdien op die oomblik ons ernstige aandag, want terwyl aan die een kant besef word die noodsaaklikheid vir die bestaan van 'n republikeinse volksbeweging soos die Ossewabrandwag in hierdie krisisvolle tye, wanneer buitelandse gevare soos die kommunisme en binnelandse selftevredenheid met 'n nasionale regering die allergunstigste toestande skep vir die Britse imperialisme, is daar aan die ander kant die verydelende vraag van: Maar hoe kan die Ossewabrandwag sy ideale verwesenlik?

## OP DIE BRITSE SPOOR

'n Oproep om nie uit te span nie het verlede week nog weer uitgegaan van die voorligtingsoffisier, mnr. W. R. Laubscher. Hy het op oortuigende wyse aangetoon hoedat 'n politieke party sy republikanisme kan uitbasuin solank hy in opposisie is, maar dit opsy moet skuif sodra hy as „Sy Majesteit se Regering" draer van die Britisme word. **Die rede hiervoor moenie by persone gesoek word nie; dit is die logiese eise van die stelsel waarbinne politieke partye opereer —die stelsel wat 'n Britse minister van statebondsbetrekkinge nog kort gelede in ons land beskryf het as een van die belangrikste Empire-bande.**

Plaas 'n Afrikaanse lokomotief op 'n Britse spoorlyn, en hy moet eindig by 'n Britse stasie. Dit is 'n logiese wet, en geen verwyt of oormaat van selfvertroue kan hieraan verander nie.

## WAARHEID WAT O.B. ONTDEK HET

**Ons partypolitieke geskiedenis, soos mnr. Laubscher met voorbeelde aangetoon het, lewer die bewys dat ons volk se bestemming op die Britse parlementêre treinspoor telkemale eindig by 'n Britse stasie.** Die feit dat die Ossewabrandwag hierdie waarheid ontdek het en die volk se oë daarvoor probeer oopmaak, maak sy bestaan as organisasie noodsaaklik. Meer nog, die verkondiging van hierdie waarheid verg op sigself al genoeg aksie om elke lid voltyds aan die beweeg te hou. Daar kan dus geen sprake wees van uitspanning nie, dog slegs van aanhou en aanhou soos ons volk in die stryd om sy taal teen alle oormag van die vyand en teenkanting uit eie geledere ook maar volhard het totdat hy uiteindelik — ewe skielik — die kroon van oorwinning op die kop voel neersak het.

## REPUBLIKEINSE GEWETE VAN DIE VOLK

Iemand het onlangs gesê dat die Ossewabrandwag die rol in ons openbare lewe speel van politieke ouditeur. **Dit is sy taak om as die republikeinse gewete van die volk die vinger te lê op politieke foute en te waarsku teen afwykinge van ons historiese koers.** Soos dit die voltydse taak is van 'n ouditeur om te waak dat 'n saak getrou bly aan sy doelstellings deur gesonde metodes en administrasie, **so is dit 'n voltydse taak van die Ossewabrandweg om oral en altyd die koers van ons politieke leiers te toets aan die rigting uit ons volksverlede. En dit is nie net die taak van die leiers nie, dit is die taak van elke kommando, van elke Brandwag.** Waarskuwings teen die valse moet, net soos besieling vir die egte, volhardend en hoorbaar uitgedra word na die onmiddellike omgewing van elkeen.

## MOET IDEALE SAAI

Die resultate van hierdie arbeid mag en kan nooit gemeet word in terme van onmiddellike sukses nie. Die ryp graan wat wel in enkele dae ingesamel word, staan nie onmiddellik op die omgeploegde akker nie. So is dit ook met 'n volk. **Die saai en bewerking van ideale is soms 'n moeisame en ondankbare proses, soos ons taalstryders dit 'n sewentig jaar gelede ondervind het, maar wanneer die oestyd aanbreek, word dikwels gevind dat die arbeiders te min is om dit in te samel.** 'n Volk kan baie gou ontvlam tot aksie nadat 'n paar volhardendes baie jare lank die vlammetjie alleen brandend gehou het.

Maar die vlam moet brandend gehou word en die akker moet bewerk word, en dit opsigself is 'n voltydse taak vir elke Brandwag!

## HOOP WAT DIE O.B. KOESTER

By die uitoefening van hierdie taak vertrou ons dat die geleentheid homself op 'n gegewe oomblik mag voordoen vir ons volk — of sy politieke leiers — om die woorde van die Ossewabrandwag in dade om te sit — woorde wat 'n tien jaar gelede op die lippe van almal was, en eendag weer sal wees. Ons koester die hoop dat die politieke party aan bewind deur die volk aangedryf sal word om die Britse spoor te verlaat voordat hulle weer in die herstelloods as „Sy Majesteit se Opposisie" sal gaan stoom afblaas.

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

## AS DIE O.B. SE HOOP BESKAAMD WORD

Maar as die geleentheid hom nie self voordoen of die politieke party tydens sy bewind nie die geleentheid benut om die ideale te verwesenlik wat in sy konstitusie opgeskryf staan nie, dan mag dit nodig word vir die Ossewabrandwag om self die geleentheid te probeer skep. **Daardie oomblik sal beslis aanbreek wanneer die „republikeinse" politieke party na 'n mislukte verkiesing tot die volk terugkeer met sy republikeinse opposisie-tamboer. Die volk sal dan met reg die vraag kan stel: „Watter waarborg het ons dat jy hierdie keer sal doen wat jy verlede keer al belowe het?"**

Dan sal die tyd van groter aksie kom. Maar intussen verkondig en hoop ons en berei ons die weg voor vir geval ons hoop beskaamd word.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Eienaardige Testament*

Dit is onlangs in die pers bekend gemaak dat admiraal John Weston wat in Julie verlede jaar op sy plaas in die distrik Bergville, Natal vermoor is 'n boedel van £76,035 nagelaat het. Wyle mnr. Weston was glo jarelank 'n lid van Brittanje se Geheime Diens. Dit word van hom vertel dat hy 'n besonder awontuurlike lewe gevoer het in die diens van sy volk. Vanselfsprekend is sy lewensgeskiedenis net so 'n geheim soos die Diens waaraan hy verbonde was.

Maar dit kan ongetwyfeld aangeneem word dat hy in sy lewe ervarings opgedoen het en oor informasie beskik het wat vir hom 'n kennisveld gegee het wat heeltemal ontoeganklik is vir die gewone Jan Burger en sy vrou. In die lig van hierdie agtergrond is die eienaardige testament wat wyle mnr. Weston nagelaat het, nie alleen interessant nie, maar is dit ook betekenisvol. Ek het nie die oorspronklike testament gelees nie, net maar uittreksels daarvan wat in die dagbladpers verskyn het. Daar is drie aspekte van die testament wat ek hier wil noem.

### *Teen Huidige Maatskaplike Stelsel*

Mnr. Weston het die verwagting uitgespreek dat sy erfgename „sal veg vir vrede teen die groot geldmagte wat enorme winste uit oorlog maak"; en dat hulle „die stryd sal aanknoop teen die huidige maatskaplike stelsel wat nie alleen onregverdig is teenoor 95 persent van die mensdom nie, maar wat boonop uitermate wreed is." Hierdie verwagting is nie 'n voorwaarde van erflating nie. Die erflater spreek eenvoudig die hoop uit dat sy erfgename binne die perke wat hul geldelike vermoë en hul persoonlike hoedanighede oplê die stryd waartoe hy opvorder, sal stry.

As oortuigende lid van die Ossewabrandwag, wat saam met my mede-lede hierdie stryd waartoe die erflater opvorder stry, is sy opvordering 'n riem onder die hart.

Mnr. Weston het voorts die verwagting gekoester dat sy erfgename „'n genadelose stryd sal voer — nie teen lede van die Rooms-Katolieke kerk nie, wat maar die slagoffers van bygeloof is — maar teen die Vatikaan wat 'n gewetenlose, meedoënlose en huigelagtige politieke en finansiële mag is; wat altyd nog die kant van reaksie gekies het en hom geskaar het saam met die uitbuiters van die mensdom; en wat 'n gruwelike kastyding is wat steeds daarin geslaag het en nog slaag om honderde miljoene mense te mislei en uit te buit." Dit is baie sterk taal. Trouens dit is die ondubbelsinnigste verdoeming van die Rooms-Katolisisme wat ek nog ooit in 'n koerant sien verskyn het.

### *Eenvoud, Geregtigheid en Waarheid*

Eindelik bepaal die testament dat enige erfgenaam wat in gebreke gebly het om 'n hoogstaande lewenstandaard te handhaaf sy erflating verbeur. Woordelik lui dit dat die erfgename wat hul erfenis sal verbeur diegene is „wat in gebreke gebly het om 'n hoë etiese gedragspeil te handhaaf; wat skuldig is aan rook, drink en dobbel; wat 'n onbetaamlike seksuele gedragslyn volg; wat spandabel is, windmakerige klere dra en wat kunsmatige middels vir opsmukking gebruik soos gesigpoeier, room, gesigverf, lipstiffies, reukwater, naelvernis, verfraaiing van die hooftooisel, of enigiets behalwe skoon seep en water, behoorlike kos en oefening; wat nalaat om te voldoen aan die eise van fatsoenlikheid, hoflikheid en vriendelikheid ten aansien van redenasies, wat meer bepaald gaan oor sake wat in hierdie testament aangeroer word; en wat volhard in 'n klaarblyklike onredelike houding."

Die erfgename is mnr. Weston se vrou, twee dogters en een seun.

Dit blyk ten oorvloede uit die testament dat wyle mnr. Weston met die verloop van die jare al meer en meer onder die indruk gekom het van die drie deugde: eenvoud, geregtigheid en waarheid. En wie sal ontken dat dit prysenswaardige deugde is waarna juis die mensdom van vandag met groot voordeel behoort te streef.

### *Duur Plase*

Daar is onlangs bekendgemaak dat twee plase, een in die distrik Caledon en die ander een in die distrik Graaff-Reinet, verkoop is teen rekordpryse. In die distrik Graaff-Reinet het senator A. M. Conroy 'n plaas van 5,800 morge, met inbegrip van 4,000 skape en die losgoed, gekoop vir £105,000. As die skape en die losgoed bereken word teen £25,000, dan het die senator ongeveer £14 per morg vir die grond betaal. Karoo-boere hou gewoonlik twee skape op drie morge grond aan — as dit goeie veld is. Volgens hierdie berekening het die senator £21 betaal vir elke stukkie grond waarop een skaap moet wei.

In die Caledonse distrik het graaf Alexander Philip Blucher, van die Kanaaleilande, 'n plaas wat 2,100 morge groot is gekoop van mnr. G. S. P. le Roux, L.P.R. vir Caledon, vir £76,000. Dit is 'n rapsie oor die £36 per morg.

Die pryse wat vir hierdie plase betaal is, het my oë oopgemaak. Ek het nie besef dat plaasgrond so peperduur geword het nie. Ek het dadelik daaraan gedink dat my lewenskoste as verbruiker ongetwyfeld gaan styg in verhouding tot die opwaartse beweging van plaaspryse. En omdat ek sodanige styging wil verhoed verlang ek vanselfsprekend dat plaaspryse liewer moet daal as styg.

Die minister van landbou sal aandag moet skenk aan die kwessie van stygende grondwaardes; hy en sy kollega, die minister van ekonomiese sake. Hulle sal nie maar net hulle skouers kan ophaal en niks doen nie.

### *Seun of Vreemdeling*

Maar nadat ek aan my eie lewenskosteprobleem gedink het, het my gedagtes uitgegaan na die talle boerseuns, wat Pa se plaas moet oorneem as Pa en Ma op die dorp gaan rus, en wat die koopsom van die plaas min die eie erfporsie aan Pa se boedel moet uitbetaal sodat die broers en die susters darem ook kan erf. Wat gaan van hierdie boerseuns word? As plase so duur word dat slegs diegene wat kapitaalkragtig is grond kan koop, dan spreek dit tog vanself dat Pa se seun hoegenaamd nie teen die ryk vreemde koper kan bie nie. Waar die seun maar £20,000 vir die plaas kan betaal sal die vreemde koper maklik £40,000 of selfs £50,000 vir die plaas aanbied. Wat gaan Pa dan maak? Sal hy die £20,000 of £30,000 skade ly en die plaas vir die seun gee? Wat sal die broers en die susters dan sê? Of sal hy maar aan die vreemde koper verkoop? En wat gaan dan van die boerseun wat nou sonder 'n plaas is, word? As hy nie teenoor sy eie vader met die vreemde koper kan kompeteer nie, hoe sal hy dan teenoor 'n vreemde vader met dieselfde vreemde koper kan kompeteer? Hy sal dan 'n boerseun sonder 'n eie plaas wees, wat òf by 'n ryk boer sal moet gaan werk òf in die stad 'n betrekking sal moet aanvaar.

### *Die Boerfamilies*

Ek sou spyt wees as sodanige ontwikkeling in ons land op enigsins groot skaal moet plaasvind, maar ek vrees dat dit tog reeds plaasvind. Ek hoop op 'n baie klein skaal. Dit is hierdie soort ding (duur plaasgrond) wat in Europa gelei het tot die stelsel van klein pagterboertjies en in Amerika tot die grootplaasbesit; wanneer daardie groot plaas dan die eiendom van 'n onpersoonlike maatskappy is. Dit lyk vir my asof Rusland, waar die staatskapitalisme en die politieke diktatuur in swang is, 'n sintese tussen die twee euwels van Europa en Amerika bewerkstellig het met die instelling van kollektiewe plase waarop die boere wat vroër selfstandig was as arbeiders moet werk en wat deur die staat besit word en deur kommunistiese amtenare bestuur word.

In Suid-Afrika het die vrye en selfstandige boer ontwikkel wat 'n baas is op sy plaas — en dit ook ten aansien van sy vaderland wil wees. Die familieplase was en is vandag nog die anker wat duisende Afrikanerfamilies aan die gang hou en aanmekaar hou en by hulle volk hou. Die plaas is die tradisie van die familie. Ouboet of kleinboet moet dit voortsit. En uit die plaashuis gaan die toekomstige dokter of onderwyser of predikant of staatsamptenaar om sy volk in die stede en dorpe te dien. Maar die nuwe stedeling of dorpenaar bly geanker in die ou plaas.

Suid-Afrika moet sorg dat sy plase in die hande van sy boerefamilies bly. As dit nie gebeur nie gaan ons volk 'n anker van onskatbare waarde verloor.

## Ander Se Menings

# MALAN PLEITBESORGER VAN BRITSE STATEBOND — SÊ L.V. VAN V.P.

**Na aanleiding van die Februarie-toesprake van dr. D. F. Malan en mnr. J. G. Strydom op Stellenbosch, skryf mnr. H. G. Lawrence, L.V., in sy weeklikse politieke oorsig in die Cape Argus soos volg:**

**„Dit ly geen twyfel dat dr. Malan vandag 'n pleitbesorger van die Britse Statebond is nie, 'n oortuigde voorstander van daardie bond van nasies, van wie se voortbestaan en eenheid die vrede van die wêreld grotendeels afhang.**

„Hy het natuurlik nie sy ideaal van 'n republiek prysgegee nie. Maar hy het dit ten oorvloede duidelik gemaak dat, syns insiens, Suid-Afrika, ooreenkomstig die Indiese voorbeeld, 'n lid van die statebond moet bly, selfs al word die land 'n republiek. Indien hy sy sin kan kry, verkies hy om sake te laat bly soos hulle is.

### DIE BITTEREINDERS

„Die hoofverteenwoordiger van die standpunt van die bittereinders in die kabinet is mnr. Strydom. Hy word openlik en geesdriftig bygestaan deur mnr. C. R. Swart, minister van Justisie; mnr. Eric Louw, minister van ekonomiese sake; en dr. Verwoerd, minister van naturellesake. In die geledere van die H.N.P. binnekant, sowel as buitekant die parlement geniet hulle aansienlik ondersteuning.

„Die eerste minister het verskeie gedaantewisselings deurgemaak in sy voorwaartse ontwikkeling na sy huidige konstitusionele standpunt.

### GEDAANTEWISSELING

„Daar was 'n tyd in 1926, na die Imperiale Konferensie waar die Balfour-verklaring oor dominiale status uitgereik is, toe dr. Malan hulde gebring het aan Brittanje as ‚moeder van ons vryheid' en toe hy verklaar het dat ons geen groter vryheid kan bekom as wat ons toe verkry het nie.

„Hierdie vreedsame gemoedstemming het verander na een van wilde uitdaging in die eindneëntien-dertiger jare en in die eerste jare van die tweede wêreldoorlog toe hy 'n heilige kruistog gevoer het vir 'n onafhanklike republiek.

**„Maar hierdie wildheid het bedaar toe Hitler die oorlog verloor het, en die algemene verkiesing van 1948 in sig begin kom het; en daaropvolgende gebeurtenisse dui op 'n verdere gedaanteverwisseling toe dr. Malan weer begin loop het op die pad van konstitusionele staatsmanskap. Dit lyk asof die keerpunt gekom het in April 1949 op die Londense Konferensie van eerste ministers van die statebond.**

### „BREËR INSIG"

„Toe hy Groot-Brittanje verlaat het, het hy in 'n afskeidsboodskap aan die Engelse volk verklaar: ‚'n Nuwe era van statebondsverhoudings, wat, volgens my oortuiging, die lede nog nouer aan mekaar sal bind oor sake van gemeenskaplike belang, het aangebreek.'

„Per slot van sake het die eerste minister tog darem nou die geleentheid gehad om 'n breër insig te kry in die sake van die statebond as wat normaalweg verskaf word aan die waarnemer wat net in Kaapstad of Pretoria bly. Derhalwe was dit vir hom moontlik om in 'n radio-praatjie vanaf Londen op 28 April 1949 te verklaar: ‚Binnekant die raamwerk van vriendskaplike volke met wie ons graag wil saamwerk, is daar nog 'n binnekring met wie ons besondere bande het. Dit is die lede van die statebond. Hierdie suster-nasies is soewerein onafhanklike state, wat vryelik met mekaar verbind is, en solank as wat daar geen inbreuk gemaak word op sy regte nie — selfs nie op sy reg om 'n republiek te word nie — **het Suid-Afrika hoegenaamd geen voorneme om uit die statebond te tree nie.'**

### STRYD AGTER SKERMS

„Maar toe het dr. Malan in die moeilikheid beland by sy standvastige republikeinse volgelinge wat nie hul leier se nuwe en sterk gehegtheid aan die statebond kon versoen met hul eie ideaal van 'n afgesonderde republiek nie. Agter die skerms, in die kabinet, het die stryd gewoed tussen die twee botsende groepe. Min. Strydom het voortdurend gestreef om die oormag te kry.

„Daar is baie sterk aanduidings dat hierdie stryd in die kabinet die beslissende faktor was wat vir min. Havenga beweeg het om kop te gee oor die kwessie van kleurlingwetgewing. Dr. Malan was uitermate gretig om die gematigde elemente in die regering te versterk. Indien mnr. Havenga sou bedank, sou dr. Malan die slagoffer van die politieke wolwe word. Maar mnr. Havenga se weiering om die kleurlingwetgewing van dr. Malan se party te ondersteun sou noodwendig tot sy bedanking moes lei. Derhalwe is 'n kompromis aangegaan en mnr. Havenga het in die kabinet gebly.

**„Dit is moontlik dat dr. Malan, as gevolg van al hierdie ingewikkelde politieke bewegings, daarin geslaag het om dr. Dönges se vooruitsigte as toekomstige leier van die party te vergroot ten koste van mnr. Strydom s'n."**

## MALAN GAAN PADGEE

**Die voorspelling dat dr. Malan hom aan die politiek gaan onttrek om die opkoms van 'n „jonger leier" te vergemaklik word deur die parlementêre beriggewer van Dagbreek gemaak. Hy skryf:**

„In Regeringskringe word nou met taamlike sekerheid aangeneem dat die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, voor of net na die volgende algemene verkiesing hom aan die aktiewe politiek sal onttrek en dat die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, sy plek sal inneem tydens 'n oorgangstydperk waarna een van die jonger H.N.P.-leiers die leisels sal oorneem.

### JONGER LEIER

**„Deur hom aan die politiek te onttrek, so word verklaar, word die moontlikheid geskep vir die navore kom van 'n natuurlike jonger leier en die benoeming van die adjunk-eerste minister wat die vanselfsprekende leier van die Regering sal word as mnr. Havenga uittree.**

**„Die stap van die Eerste Minister sal dan verhoed dat daar 'n stadium kom waarop daar nie 'n natuurlike leier is om die Eerste Minister op te volg nie en dat daar dan moontlik 'n leierskapstryd ontbrand soos die Verenigde Party ervaar het, sê waarnemers.**

### EENWORDING

„So 'n ontwikkeling kan egter alleen plaasvind indien die H. N.P. en die A.P. een party word.

„Albei partye sal kort nadat die Parlement verdaag het, hulle kongresse hou. Verwag word dat albei leiers dan sal voorstel dat die partye nou een word.

## MENINGSVERSKIL OOR SETELS

**Die Sunday Times se parlementêre beriggewer skryf dat die nege setels wat A.P.-volksraadslede tans verteenwoordig en wat sekere H.N.P.-mense nie wil hê dat hulle na eenwording van die twee nog moet verteenwoordig nie, 'n struikelblok tot sodanige eenwording geword het. Sy berig lui:**

„Toe die leier van die Nasionale Party, dr. D. F. Malan en die leier van die Afrikanerparty, mnr. N. C. Havenga, verlede jaar 'n ooreenkoms gesluit het oor die kleurlingwetgewing wat tans voor die parlement is, het hulle ook ooreengekom om hulle onderskeie partye hierdie jaar saam te smelt.

„Daar is geen teenstand teen die voorneme verwag nie — selfs nie eens van die Ossewabrandwag nie.

### ALMAL WELKOM

**„'n Nuwe konstitusie sou opgestel word en aan die twee partye vir goedkeuring voorgelê word. Die konstitusie sou enige persoon, wat die beginsels van die nuwe Nasionale Party onderskryf, toelaat om lid te word.**

Daar sou nie voorsiening gemaak word nie, soos tans die geval is in die konstitusie van die Transvaalse Nasionale Party, om Jode uit te sluit van lidmaatskap nie.

### NEGE SETELS

**Daar het egter nou 'n ernstige meningsverskil ontstaan oor die toekoms van die nege lede wat die Afrikanerparty in die Volksraad verteenwoordig. Sekere groepe in die Herenigde Nasionale Party dring daarop aan dat slegs drie of vier van die huidige Afrikanerparty volksraadslede by die volgende algemene verkiesing weer as kandidate genomineer sal word en dat troue nasionaliste genomineer moet word in die oorblywende setels."**


**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

OPLEIDING . . . HUL TOEKOMS

**Maar die koste ?**



Tiena en Johan was albei ywerig in hul studies, en hul toekoms was baie belowend. Hulle sou dit nog baie ver in die lewe bring.

Maar, om hul ideale te bereik, sou baie meer kos as wat hul ouers gewoonweg kon bekostig, want die opleiding van 'n ingenieur of dokter kos baie honderde ponde.

. . . .

Gelukkig het hul ouers vroegtydig besef dat die nodige geld nie net in 'n jaar of twee bymekaar gemaak kan word nie. Daarom het hulle betyds—toe albei kinders nog klein was—hul toekoms verseker deur *Sanlam-Studiepolisse.*

● En U kinders? Sal hulle die loopbane kan volg wat vir hulle, vir u, en vir die samelewing van groot betekenis kan wees? Vra dadelik hoe Sanlam U en U kinders se ideale kan help verwesenlik.

●

Suid - Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy.Bpk.
*Hoofkantoor :*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

Sanlam, Afdeling 17d, Posbus 660, Kaapstad.
*Laat my asb. dadelik weet hoedat u my kan help om vir 'n studiefonds vir my kind voorsiening te maak.*

NAAM :..........

ADRES :..........

*Beroep:*.......... *Ouderdom volgende verjaarsdag*..........
*Kind se ouderdom volgende verjaarsdag*..........

54

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### HUWELIK

**VAN DER MERWE — VILJOEN** Martha, jongste dogter van mnr. en mev. J. C. Viljoen, Bosmanstraat, Paarl en Gerrit, oudste seun van mnr. en mev. J. C. van der Merwe, Carsonstraat, Ceres, trou D.V. op 31 Maart 1951 om 3 nm. in die N.G. Kerk, Paarl. Gelukwensing: Kerksaal. Telegramme: Bosmanstraat, Paarl. 21/3/1B.

### GEWEERS TE KOOP

1. Lee-Metford (S.M.L.R.) met feitlik nuwe loop deur deskundige gepak en voorsien van bykomstige gaatjiesvisier. Eersteklas toestand. Volkome akkuraat. — £15.

2. Duitse Mauser, .22 kaliber. Eersteklas in alle opsigte Weinig gebruik. Pragstuk. Ook voorsien van bykomstige gaatjiesvisier vir skyfskiet — £30.

Bostaande geweers is baie goed versorg en opgepas. Almal gelisensieer. Doen dadelik aansoek by: J. A. Smith, Mymer, George.

### TE KOOP

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS. — Ons is** daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**"

## Britse Oogmerk

„Demokrasie en rasse-meerwaardigheid is 'n teenstrydigheid en ons doel is om demokratiese gemeenskappe op te bou," het die Britse minister van koloniale sake, James Griffiths, verlede week gesê. Hy het die Britse beleid as volg saamgevat:

„Ons beleid is dat die volke van alle rasse wat 'n tuiste in 'n bepaalde gebied gemaak het, daardie gebied sal deel as 'n tuiste, tesame sal opgroei en dat daar geen oorweging, leerstelling of beoefening van rassemeerwaardigheid sal wees nie."

## *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................

..............................

..............................

..............................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# CHRIS BOTHA

**Dr. J. F. J. van Rensburg skryf:**

Met die heengaan van oud-Regterpresident C. L. Botha het die samelewing 'n waardige en minsame man verloor en die Ossewabrandwag 'n baie getroue vriend. Byna verbluffend reguit in sy spraak en verfrissend opreg in sy oortuigings was Chris Botha, iemand wie se vriendskap tegelyk 'n voorreg en 'n versekering was.

Persoonlik het ek hom geken vanaf my kinderdae, daar hy 'n studentevriend en tydgenoot van my vader was en ek is dankbaar dat ek die genot en die eer van sy vaderlike toegeneëntheid tot die einde van sy lang en vol lewe behou het.

Vir die van ons wat hom nie van naby geken het nie en wat weet wat baie Afrikaners in die oorlogsjare moes verduur wil ek die volgende kransie op sy graf lê:

Toe daar in die eerste jare van die oorlog agt-en-vyftig Republikeine . . . SJ's . . . van hoogverraad aangekla was en die posisie vir hul en hul families duister gelyk het, het oud-Regterpresident Botha aan my geskryf en aangebied om hul sonder fooi voor die Hooggeregshof te verdedig. Die implikasies daarvan was dat hy maandelank in Pretoria sou moes vertoef terwyl sy twee jong dogtertjies (aan wie hy hartstogtelik geheg was) in sy huis op Stellenbosch sou moes bly. Maande lank sou hy dag na dag mees verskyn en pleit voor regters wat nog jong advokate was toe hy alreeds op die regsbank gesit het. Hy was geen ryk man nie en in sy ou dae kon hy wel tereg verwag het om sy laaste jare aan die opvoeding en geluk van sy twee kinders te bestee, die twee nooientjies wie se moeder hom jare gelede vooruitgegaan het.

Maar sy geloof in die doelstellinge van die Ossewabrandwag en sy respek vir die jong Afrikaners wat weens hul oortuigings en dade onder gevaar van die doodsvonnis verkeer het, het hom beweeg om spontaan sy dienste aan te bied.

Aan sy twee dogters wat nou alleen agterbly bied ons ons respekvolle simpatie aan en ons verseker hul dat baie van ons wat hom liefgehad het armer voel met sy heengaan uit ons midde.

## *Volksinkomste Groei Aan*

Die volksinkomste van die Unie het in die jaar geëindig 30 Junie verlede jaar met meer as een-agtste gestyg. Dit het in daardie jaar £950,300,000 beloop teenoor £837,400,000 die vorige jaar. Die grootste bydrae is gelewer deur die private-fabriekswese met 'n inkomste van £225,300,000 wat 'n toename toon van £30,000,000. Die handel se bydrae was £139,000,000, boerdery, vissery en bosbou £137,000,000 ('n styging van £10,400,000), die goudmynbedryf £108,200,000 ('n styging van 38,800,000).

## HEILIGE OORLOG TEEN BRITTE

Generaal Razmara, die eerste minister van Persië wat onlangs vermoor is deur 'n politieke sluipmoordenaar wou onder geen omstandighede toelaat dat die Britse oliebelange in Persië deur sy land genasionaliseer word nie. Die Persiese parlement se komitee oor oliesake, het na sy dood sonder meer aanbeveel dat die Brits-Iraniese oliemaatskappy genasionaliseer moet word; en die koerant van die politieke groep waaraan die sluipmoordenaar behoort het, het die volk opgeroep om 'n heilige oorlog teen Brittanje te voer. Die blad het geskryf: „Razmara is na die hel gestuur en binnekort sal ander hom daarheen volg."

Voordat die Persiese parlement nog met besprekings begin het oor die kwessie van die nasionalisasie van die Brits-Iraniese oliemaatskappy, het die Britse regering 'n nota gestuur aan die Persiese regering waarin gesê word dat die Brits-Iraniese oliemaatskappy nie genasionaliseer kan word nie omdat die Persiese regering se kontrak met die maatskappy eers in 1993 verval.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## DIE DWALERY IN DIE DOOLHOF

**Mnr. P. C. Kruger, Ostendweg 59, Bellville, skryf:**

Daar is nou 'n saak in die parlement aan die gang wat vir ons baie belangrik is, nl. die wet wat die klurlinge op 'n aparte kieserslys gaan plaas. Hierdie keer sal moet bewys word of ons wetgewende mag werklik soewerein onafhanklik is van die Britse wetgewing. As daar nou besluit word dat ons grondwet wat ons van die Engelse gekry het, ons nog kan belet om ons eie gang te gaan, dan kan ons die statuut van Westminster maar in die vuur gooi. Want dan is al die moeitevolle werk van wyle genl. Hertzog tog weer alles vernietig.

Hier het ons weer te doen met die vervloekte partypolitiek. Die betaalde opposisie is besig om ons soewereiniteit geweld aan te doen net om 'n paar setels in die Kaap te behou. Partypolitiek speel so 'n groot rol in ons donker tyd dat totaal uit die oog verloor word dat die handhawing van die blankedom oor die ganse aarde op die spel is. Nie net in Afrika nie maar in die hele wêreld is die nie-blankes die oorgroot meerderheid, en boonop is daar nog 'n groot deel van die blankes wat saamspeel met die nie-blankes.

So is dit ook met die bestryding van die kommunisme. Die handlangers wat die weg voorberei vir die kommunisme uit die geledere van die Christendom is skrikwekkend groot. Ja, tot sogenaamde kerkleiers is aktief daarin. En ons oorgeblewe klompie christene se optrede teen die kommunisme is so lamlendig. Ons het wel 'n antikommunistiese wet op papier, maar die algemene publiek meen die polisie moet die werk doen. Dit word dus nie beskou as 'n saak vir elke christen om te bestry nie. As mens jou koerant oopslaan — selfs die nasionale koerante ingesluit — dan soek jy vergeefs leiding hoe om die kommunisme te bestry. Maar die argumente van die propageerders van die kommunisme kry jy daagliks te lees.

Die partypolitiek laat hom geld op elke terrein van die lewe. Die partypolitiek het ons in 'n doolhof gelei en daarin dwaal ons partypolitici nou al vir meer as veertig jaar rond, sonder om hulle weg daaruit te kan vind. Diegene wat weier om saam in die doolhof rond te dwaal is 'n minderheid. As God nie die meederheid se oë oop maak nie, is die mensdom se dae getel.

(Brief verkort. — Red.)

## Predikant Lenig Die Nood

Dit het in Korea gebeur.

Die Britse regiment het in die hoogste nood verkeer. Hulle het geen whisky gehad nie.

'n Klein entjie van hulle af het 'n Amerikaanse eenheid gelê. Die Amerikaners het volop whisky gehad — genoeg om selfs daarvan te verkoop aan die Britte. Maar dan moes laasgenoemde in dollars betaal vir die whisky, en die Britte het nie dollars gehad nie.

Die nood was regtig hoog.

Toe het 'n skitterende ingewing die nood gelenig.

Die Britte het hul veldprediker op versigtige wyse genader en die skitterende ingewing in sy oor gefluister. Die predikant het instemmend geknik.

Toe het dit gebeur.

Die Britte het 'n Kerkparade byeengeroep en hulle het al die Amerikaners in die omtrek baie hartlik na die godsdiensoefening uitgenooi. Die Amerikaners het gekom, die Britte het 'n kollekte waargeneem — en die Amerikaners het dollars gegee.

Die Britte het by die Amerikaners whisky gaan koop.

Dit is 'n waar storie hierdie, die Britse regiment was die „Eighth King's Royal Irish Hussars", deel van die „29th British Brigade" in Korea.

## *Na die Maan*

Die ontwerp van 'n ruimteskip vir 'n reis na die maan is voltooi deur die hoof-toetsingenieur van die Amerikaanse vloot se vuurpylafdeling, A. Germain. Hy verklaar dat die Verenigde State baie nader aan die moontlikheid van tussen-planeet-verkeer is as wat meeste mense dink.

Die skip wat deur hom ontwerp is, is ingerig vir twee mense wat teen 'n snelheid van 25,000 myl per uur na die maan sal vlieg en die afstand dus in tien uur sal aflê.

Sewe-en-tagtig persent van die blanke bevolking van Suid-Afrika, d.w.s. 2,058,633 persone is Protestante, verklaar die Kerkbode in 'n artikel waarin die sensus verwelkom word wat hierdie jaar gehou sal word.

Twee-derdes van die Protestante se taal is Afrikaans.

Byna 28,000 blankes in die Unie of 1.3 persent behoort aan geen kerk nie.

**TOESPRAAK**

**KOMMANDANT-GENERAAL**

**Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek. Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.**

**Bestel by:**

**Posbus 1411, Kaapstad.**
**Posbus 1059, Pretoria.**

**Voorraad beperk. Bestel dadelik.**

*Kleur en die Toekoms (3)*

# PRYS VIR BEHOUD VAN BLANKE BESKAWING MOET BETAAL WORD

**'n Vooruitskatting van die toekomstige verloop van die geboorte- en sterftesyfers, van die bevolkingsgrootte en aanverwante groothede, sal uit die aard van die saak 'n mate van onsekerheid inhou, temeer daar die statistiese gegewens met betrekking tot die verlede gebrekkig is. Desnietemin kan op grond van sekere waarnemings, en van redelike aannames wat daarop gebaseer is, skattings g e w a a g word. Faktore en tendense wat in hierdie verband oorweging verdien, kan kortliks genoem word.**

Na aanleiding van die daling in die geboortesyfer wat ons waargeneem het, wil dit voorkom of die Naturellebevolking 'n keerpunt in sy demografiese geskiedenis bereik het. Dit sal alleen so wees indien die daling 'n fuksie is van 'n verandering in sosiale lewenswyse wat volg op die verstedeliking van hele gesinseenhede. Op die oomblik speel dit seker nog 'n minimale rol, en die vraag is hoelank dit sal duur voordat die maatskaplike gewoontes van die blankes in hierdie opsig op groot skaal by Naturelle ingang sal vind. Indien 'n beleid gevolg word wat tot groter permanente verstedeliking lei, sal hierdie faktor mettertyd sy invloed laat geld. Maar aan die begin sal die beleid tot 'n verhoging van die geboortesyfer lei, in vergelyking met dié van 1936-'46. 'n Beleid van uitskakeling uit die blanke gebiede en van ontwikkeling van sekondêre en tersiêre nywerhede in Naturellegebiede sal ook tydelik tot 'n verhoging in vrugbaarheid lei en hierdie oorgangsperiode sal waarskynlik langer duur as in die geval van die teenoorgestelde beleidsrigting. In albei gevalle sal die stabiliserende uitwerking op gesinslewe dus bevolkingsgroei stimuleer. Op die langtermyn mag ekonomiese vooruitgang en die bereiking van hoër gemiddelde lewenstandaarde, netsoos by blankes tot geboortebeperking lei, maar die moontlikheid dat dit gedurende die volgende halfeeu op noemenswaardige skaal sal plaasvind, skyn nie baie groot te wees nie.

### GROTER AANWAS

In die huidige hoë sterftekoers skuil daar nog 'n besondere groeipotensiaal. Indien die kindersterftesyfer met die helfte verminder, d.w.s. van 300 na 150 — die blanke syfer is op die oomblik minder as 40 — en die sterftekoerse onder ouer mense bly dieselfde, sal die gemiddelde verwagte lewensduur verhoog na 40 jaar. Die gewone sterftesyfer sal ooreenstemmend daal tot ongeveer 24, en die natuurlike aanwas sal met 33⅓ persent, of van 15 tot 20 per 1,000, toeneem as die geboortesyfer konstant bly.

Die Westerse bevolkings het 'n taamlik reëlmatige ontwikkelingspatroon gevolg, naamlik 'n fase van snelle uitbreiding, in samehang met die vordering op die gebied van die medisyne, omdat sterftes vinniger afgeneem het as geboortes, gevolg deur 'n tweede fase waarin die verlaging in sterfte verby gestreef is deur die vermindering

**Sabra-Lesing Deur Dr. J. L. Sadie.**

in geboortes. Die Suid-Afrikaanse Naturelle moet waarskynlik nog die eerste fase deurmaak.

**Wanneer alle faktore in aanmerking geneem word, moet ons tot die gevolgtrekking geraak dat die Naturellebevolking in die toekoms tenminste teen dieselfde tempo sal groei as gedurende 1936-'46, en heel waarskynlik vinniger.**

### DIE TOEKOMS

Vir die berekening van die moontlike toekomstige bevolking van S.A. sal die toekomstige natuurlike aanwas van Naturelle, ten einde enige beskuldiging van vooroordeel te vermy, op die peil van 1.51 per sent per jaar gestel word, terwyl aan immigrasie geen rol toegeken sal word nie. Daarteenoor sal ons aanneem dat die blankes, kleurlinge en Asiate die natuurlike vermeerderingskoers van 1936-'46 sal handhaaf, en dat die blankes se getalle boonop aangevul word deur 'n jaarlikse netto-aantal immigrante van 5,000.

Op die basis van hierdie premisses sal die S.A. bevolking aan die einde van hierdie eeu soos volg daaruit sien:—

**BEVOLKING VAN DIE UNIE 2000 N.C.**

| | Getal | % van Tl. |
|---|---|---|
| Blankes ... | 6,150,000 | 23.5 |
| Naturelle ... | 16,337,000 | 62.4 |
| Kleurlinge | 2,560,000 | 9.8 |
| Asiate ... ... | 1,120,000 | 4.3 |
| | 26,167,000 | 100.0 |

Die gegewens in bostaande tabel verteenwoordig 'n toekomsprent wat beslis vleiend is vir die blankes en die groei van die Naturellebevolking minstens nie oorskat nie. Hiervolgens sal die blankes se aandeel in die totaal toeneem, terwyl die betreklike belangrikheid van die Bantoe afneem in vergelyking met 1946. Desnieteenstaande vergroot die oormaat van Naturelle oor blankes vanaf 5,459,000 in 1946 tot 10,187,000 in 2000 N.C. Voeg die Kleurlinge en Asiate by en die oormaat van gekleurdes word 13,867,000. Iets werklik katastrofies moet met die Naturellebevolking gebeur voordat hul aanwas so klein word dat die bogenoemde verskil in absolute hoeveelhede nie vergroot nie. Ek twyfel daaraan dat immigrasie van blanke Europeërs die probleem sal kan oplos of veel minder akuut sal kan maak. Die absorberingsvermoë van die ekonomie is beperk en die oorweging dat in alle geval na die belange van die Bantoe omgesien moet word, laat hom ook geld.

Vir hierdie toenemende getalle sal bestaansmoontlikhede gevind moet word. Indien die huidige toestande voortduur, sal die Bantoe in toenemende mate in die blanke ekonomie geïntegreer raak. Dat dit aan hom 'n ekonomiese magswapen verleen, hoef nie benadruk te word nie. In die alternatief kan 'n langtermyn-beleid hom in 'n posisie plaas waar hy op homself aangewys is, en die uitbreiding van die bevolking ook begrensd sal word deur die resultate van hul eie ekonomiese bedrywigheid.

### DIE PRYS

Dat die vooruitsigte wat in hierdie afdeling geskilder is, betrekking het op die toekoms en nie absoluut seker is nie, bied geen gronde vir 'n Suid-Afrikaner om sy oë vir die probleem te sluit nie. Die goue reël dat die toekoms van 'n volk nie verdiskonteer mag word nie, is nog altyd geldig. Dat die sogenaamde realistiese benadering van 'n probleem meesal 'n mooi benaming is vir 'n kortsigtige empiriese benadering is ongelukkig ook waar. Indien gemeen word dat die behoud van die Europese beskawing die hoogste goed is en dat integrasie van nie-blankes die handhawing op die lang duur onmoontlik sal maak, dan is die realisme, in dié sin waarin dit deesdae misbruik word, vir die blanke beskawing 'n groot gevaar.

**Hierdie ideaal, soos meeste ander dinge, kan teen 'n prys verkry word. Indien die blankes nie gewillig is om die prys te betaal nie, is dit slegs logies dat die ideaal prysgegee moet word.**

## Nuwe Britse Buitelandse Minister

**Ernest Bevin het bedank as Britse minister van buitelandse sake en in sy plek is aangestel Herbert Morrison, die adjunkpremier.**

Bevin is 70 jaar oud en ly maande lank al aan sodanige swak gesondheid dat Brittanje in der waarheid vir 'n lang ruk sonder 'n buitelandse minister was. Morrison is gelukkig nie een van die „linkse" groep in die Arbeiderparty nie, maar hy is een van daardie politici wat glo dat politiek die wetenskap van die moontlike dinge is. So 'n man mag 'n gevaarlike buitelandse minister wees vir 'n land wat teen 'n magtige vyand te staan kom. Hy mag dit as „nie moontlik" beskou om teen die vyand te stry nie en derhalwe mag hy 'n konsiliasie-beleid verkies.

Die tyd sal moet leer hoe die Londenaars se „Our 'Erb" vir Josef Stalin gaan hanteer.

## Joodse Eis Teen Duitsland

**Die regering van Israel het by die regerings van Amerika, Brittanje, Frankryk en Rusland 'n eis teen Duitsland aanhangig gemaak vir kompensasie-geld ter waarde van £535,000,000. Dit moet betaal word om die beweerde uitwissing van 6,000,000 Europese Jode deur middel van marteling, uithongering, massaslagting en „verstikking" goed te maak.**

Die Joodse regering dring by die besettingsmoonthede daarop aan dat geen soewereine mag aan enige Duitse regering gegee sal word sonder die uitdruklike bepaling dat die kompensasie aan Israel betaal moet word nie.

## Duikbote Met Atoomkrag

'n Duikboot wat met atoomkrag werk en dus nie nodig sal hê om van tyd tot tyd na die oppervlakte te kom of van 'n lugpyp voorsien te wees nie, word al sterker in die vooruitsig gestel in Amerika.

Volgens verklaring van 'n lid van die atoomkragkommissie, S. Spike, is daar reeds begin met die bou van 'n fabriek vir die vervaardiging van sulke duikbote. „Dit sal nie meer baie jare wees voordat duikbote met atoomkrag aangedryf word nie," het hy gesê.


Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow




NET 'N PAAR ITEMS
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071


Waar u ook mag wees
Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret





GI-3058 AF

# VLAM BRAND OP KOPPIES

**Die O.B.-Kommando van Koppies, in die Vrystaat, het hulle op 27 Februarie opnuut toegewy aan die vryheidsideaal van die Afrikanerdom en in stilte wat slegs verbreek is deur die knettering van die vuur het brandwagte in 'n halfmaan om die vuur beweeg om elkeen sy stukkie hout daarin te gooi.**

Toe die Brandwagte om 7.30 nm. op die plaas van kommandant Meyer, een van die weinige oorblywendes wat tweekeer die wapen opgeneem het vir die vryheid van volk en vaderland, aangekom het, was alles gereed vir die aanvang van die verrigtings. Aankomelinge se gesigte het opmerklik opgehelder toe hulle agterkom dat ds. D. J. Stander, voormalige voorsitter van die Grootraad ook onder die aanwesiges is.

Om 8.45 het die aanwesiges om die brandstapel aangetree en die gelofte is gelees deur kommandant Coetzer. Daarna het ds. Stander die skriflesing en gebed waargeneem en om 9 uur is die stapel aangesteek met fakkels deur die brandwaggies, Pieter Cloete, Willie Meyer, Gerard Smit en Erasmus Smit onder leiding van kommandant Coetzer.



Na 'n kort feesboodskap deur ds. Stander het almal in gelid aangetree en terwyl hulle om die vuur beweeg het, het stukkies hout in die vuur neergeplof as simboliek van die toewyding aan 'n ideaal wat op 27 Februarie 1881 deur die slag van Amajuba verwesenlik is.

Die program is afgehandel en die aanwesiges is na die woonhuis, waar hulle op heerlike koffie en snoeperye bedien is deur die vrouekommando.

By menigeen wat ds. Stander daar opgemerk het, het 'n herinnering aan die offer wat hy op die volksaltaar gelê het, veral gedurende die rebellie, opgekom, en sy toewyding aan die vryheidsideaal was vir hulle des te meer betekenisvol. So was dit ook met komdt. Meyer. Ja! langs sulke groot seuns van Suid-Afrika het 'n mens werklik nietig gevoel.

**Blaas hoog die vlam!**

# BRIT HET SES JAAR GESWYG

**'n Britse parlementslid wat ses jaar lank geswyg het, het onlangs in die House of Commons sy mond oopgemaak en een sin uitgespreek. Hy is luid toegejuig en die verbreking van sy swye het wêreldnuus geword. Die lid is mnr. Alfred Balfour, die Arbeidersparty se verteenwoordiger vir West Stirling. Mnr. Balfour is in 1945 verkies en het eers in Maart 1951 'n paar woorde in die Commons geuiter. Dit word algemeen aanvaar dat hy die swyerekord in al die praathuise van die Britse Statebond geslaan het.**

Dit was tydens die begrotingsdebat en dit het gegaan oor die vloot. 'n Lid het 'n lang aanhaling voorgelees wat oënskynlik baie vervelend was vir mnr. Balfour. Hy het opgestaan en vir die Speaker gevra: „Is dit in orde dat hierdie man vir ons 'n hele boek staan en voorlees?" Toe het hy weer gaan sit.

Mnr. Balfour het aan koerantmanne verduidelik dat hy eintlik 'n ervare spreker is. Dit het egter ongelukkig nog altyd gebeur dat ander lede voor hom opstaan en dan die dinge sê wat hy eintlik wou gesê het. Nouja, dan is dit neusie verby met hom. So was dit vir ses stomme jare.

# JUWEELTJIES UIT HANSARD

**Dit ly geen twyfel dat agbare lede van die parlement baie lief is om tussenwerpsels te maak nie. En dan antwoord die lid wat in die rede geval word gewoonlik met 'n terugwerpsel. Op hierdie manier raak die verslae van Hansard deurspek met wat beskryf kan word as parlementêre „juweeltjies."**

**Dit mag seker aangeneem word dat die agbare lede wat die tussenwerpsels en die terugwerpsels maak baie ingenome is met die „kwinkslaggies" wat hulle vryvuis uitspreek. Maar elke woord wat in die parlement uitgespreek word kos geld vir die belastingbetalers. En elke „juweeltjie" wat hieronder verskyn, verteenwoordig 'n staatsuitgawe van 'n hele paar pond.**

**Elke mens mag tog seker die dinge geniet waarvoor hy moet betaal!**

## MY OU MIELIEKOP

**Sir De Villiers Graaff:** „Daar praat my ou mieliekop weer, meneer. Andermaal word ek in die rede geval deur die agb. lid vir Cradock (mnr. G. F. H. Bekker). Dit gee my die kans om hom geluk te wens met sy bevordering tot wat glo getel word as 'n voorbank. Aan my is die versekering gegee dat daardie bevordering byna uitsluitend te danke is aan die feit dat 'n bul wat hy geteel het die kampioenskap op Rosebank gewen het, nie te danke aan die feit dat hy 'n vooraanstaande lid van die Parlement is nie.

**'n Agb. lid:** „Die druiwe is suur."

## 'N FLOUE GEPIEP

**Sir De Villiers Graaff:** „Ek hoor 'n floue gepiep van die agb. lid vir Swellendam (mnr. S. E. Warren) . . . .

**Mnr. S. E. Warren:** „Moenie astrant word nie.

**Sir De Villiers Graaff:** . . . „wat baie eensaam moet voel sonder die agb. lid vir Cradock as hy dwase opmerkings maak . . . .

**Mnr. S. E. Warren:** „Ek het geen opmerkings oor jou gemaak nie; dit is benede my waardigheid."

## DIE NAGMERRIE

**Die Adjunk Speaker:** „Orde, Orde!

**Sir De Villiers Graaff:** „Ek is u dankbaar dat u vir orde gevra het. Aan daardie kant skyn daar 'n debat aan die gang te wees wat niks met die polisie te doen het nie.

**'n Agb. Lid:** „Waar kry u dit?

**Sir De Villiers Graaff:** „Ja, meneer, ek was een tyd sersant. Daardie agb. lid was nog nooit 'n gewone soldaat nie.

**Dr. Loock:** „Ek was kaptein.

**Sir De Villiers Graaff:** „Ek dink die agb. lid aan die anderkant dink aan 'n nagmerrie toe hy hom verbeel het dat hy in 'n opera van Gilbert en Sullivan die rol van kaptein gespeel het."

## SIT, SAREL!

**Die Minister van Justisie:** „Mnr. die Speaker, ek wil graag aan die agb. lid vir Johannesburg (Wes) (mnr. Tighy) goeie raad gee. Aanstaande week word daar deur die K.A.T. hier in Kaapstad 'n toneelstuk opgevoer. Ek wil aan die hand gee dat hy daarna gaan kyk — die titel is ‚Sit, Sarel.'

**Mnr. Tighy:** „Dit is nou humor; dit is al dikwels aan my gesê en die oorkant lag nog.

**Die Minister van Justisie:** „Ek is bly dat ek die agb. lid tog eenmaal goeie raad kan gee."

(Mnr. Tighy se naam is Sarel —Red., O.B.)

## HARE SAL ORENT STAAN

**Mnr. Tighy:** „Dwarsdeur die Spoorweë kry jy vandag ontevredenheid, maar as mense kla word daar 'n beroep gedoen op hulle sentiment en aan hulle word gesê: Julle is Afrikaners en moet die Afrikaners aan die bewind hou.

**Mnr. Botha:** „Waar is die beroep gedoen?

**Mnr. Tighy:** „Ek het reeds gesê waar.

**Mnr. Botha:** „Kwoteer want dit is nie waar nie.

**Mnr. Tighy:** „Ek sal meer vertel as die agb. lid nie oppas nie en dan sal sy hare orent staan. Die agb. lid vir George moet maar liewer stilbly."

## HET SY BROEK VERLOOR

**Mnr. Tighy:** „Die Minister lag. Hy slaan al die goeie wenke in die wind. Goed, ek is bly, want soveel slegter sal dit met sy party gaan en soveel beter met ons party. Daar is geen rede waarom die Minister nie daardie dinge kan doen nie, maar daar word niks gedoen nie. Hulle dink nie aan die spoorwegmense nie. Daar is lede soos die agb. lid vir Krugersdorp (mnr. Van den Berg), Westdene (mnr. Mentz), Noordoos-Rand (mnr. Deysel), en miskien ook die agb. lid vir Mosselbaai (dr. Van Nierop) wat met die spoorwegstem hier gekom het, maar vandag bekommer hulle hul nie meer oor hulle vriende nie.

**Mnr. Botha:** „Wat het die spoorwegmense met jou op De

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

Aar gemaak, toe jy moes vlug?

**Mnr. Tighy:** „Ek het nooit 'n vergadering toegespreek waar ek nie 'n gehoor gekry het nie, maar die agb. lid vir George weet hoe hy moes vlug en sy broek verloor het.

**Mnr. Botha:** „Jy het drie voet hoog gespring."

# PARTYPOLITIEK MAAK VAN SENAAT 'N STRUIKELBLOK

Die Australiese regering het verlede week albei huise van die parlement ontbind nadat hy 15 maande lank probeer regeer het met 'n meerderheid in die laerhuis en 'n minderheid van agt in die senaat. Die party van Robert Menzies hoop nou dat hy weer 'n oorwinning sal behaal waardeur hy in staat gestel sal word om die senaat se partyverhouding in ooreenstemming te bring met dié van die laerhuis.

Die twee-kamerstelsel van die Britse parlementarisme het in die jongste tyd van 'n vyfde wiel aan die wa verval tot 'n voorwerp van struikeling in die wetgewende proses. In Nu-Seeland is die tweede kamer onlangs afgeskaf en ook in Australië is daar reeds 'n kongresbesluit deur die regerende party geneem wat aanring op afskaffing van die senaat.

Die moeilikheid met die tweede kamer is dat die partystelsel dit waardeloos maak. Die teoretiese oogmerk met hierdie instelling was dat dit as 'n soort versekering moes dien dat geen onbesonne daad gepleeg word nie. Die verwagting was dat die senaat, wat uit rype en besadigde manne moes bestaan, met groter kalmte sake sou oorweeg as die verteenwoordigers in die eerste kamer. **Die ontwikkeling van die party-dissipline het hierdie teorie egter omver gewerp. Die tirannie van die partysweep is ook uitgebrei na die senaat en partylede moes daar maar presies dieselfde doen of laat wat hul partygenote in die volksraad doen of laat. Die senaat het 'n blote duplikaat van die volksraad geword, en soos 'n volksraadslid onlangs aan 'n persman gesê het, kom die senatore in die volksraad sit en luister na die argumente wat hulle in die senaat weer kan gebruik.**

Behalwe vir die feit dat die senaat — omdat hy in lewensduur van die volksraad verskil — by tye die regering in sy wetgewing kan dwarsboom wanneer die opposisie daar die botoon vier, is dit ook 'n geldverkwistende instelling wat net dien as oumanne-tehuis vir afgeleefde of verslaande partypolitici.

**Die Ossewabrandwag bepleit die afskaffing van die senaat en die instelling in sy plek van 'n adviserende kamer van beroepe wat as deskundige liggaam waardevolle en bykomende lig kan laat val op wetgewende maatreëls van die regering.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

'N STEWIGE HOUER VOORKOM SKADE




Moet niks waag wanneer u pakkette vir versending gereed maak nie. Bestee liewer te veel as te min aandag daaraan. Swakkerige en onveilige houers lok net moeilikheid uit. As u net 'n bietjie ekstra moeite doen, sal u goed veilig en ongeskonde daar aankom.

ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK

*—ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

CP3